



Nederlandse Geloofsbelydenis

Artikel 33

DIE SAKRAMENTE - Deel twee

In die vorige uitgawe van Die Skietlood is daar gehandel met die eerste tema van Artikel 32, te wete die doel met die Sakramente. In hierdie bespreking gaan die begroning, rede en werking van die Sakramente bespreek word.

Hy het dit by die Woord van die Evangelie gevoeg om vir ons uitwendige sintuie des te beter voor te stel wat Hy aan ons deur sy Woord te kenne gee en wat Hy inwendig in ons hart doen.

Ons as mense is swakke wesens. Dit is reeds verskeie kere bevestig. God se handeling met en deur die sakramente het ten doel om ons geloof te versterk. Dit het sy uitdagings om twee redes. Aan die een kant is ons wesens wat redelik vas kleef aan die sintuiglike. Ons wil sien en voel en ervaar. Ons behoeftes maak die tasbare belangrik.

Aan die ander kant is God die Een wat nie gesien of aangeraak kan word nie. God het gekies om Homself in en deur sy Woord te openbaar. God is meer en groter as enige afbeelding of sintuiglik ervaarbare entiteit. Hy kan nie ingeperk word deur die taktiele nie. Juis daarom word die vlugtigheid van die woord gebruik as instrument tot openbaring. Die woord word gespreek en gehoor, maar nie betas nie.

Die is nie om dowe neute dat Jesus die Logos (Grieks vir Woord) genoem word nie. God se heilshandeling word ook met goeie rede die Evangelie genoem. Die Blye Boodskap is die hoorbare boodskap

van God se ontferming oor sondaar mense. Tog soek die mens meer as net die hoor van en luister na die Openbaring. Genadig gedagtig aan ons, kies God om sintuiglik aan ons te bevestig dit wat Hy in ons harte, in ons wesensbestaan doen. Die sekerheid van die tekens bevestig op 'n ander vlak die redding wat so multi-dimensioneel aan ons gegee word.

Die sakramente is sigbare tekens en seëls van onsigbare genade. Ons sondes word nie sigbaar weggewas nie, en tog is die Doop 'n tasbare heenwysing na die werklikheid van totale vergifnis en wedergeboorte. Ons kan nie Jesus se liggaam tussen ons vingers vasklem nie, ons kan nie Sy gebroke liggaam sien nie, en tog is brood en wyn tasbare heenwysings na Sy gebroke liggaam, na Sy soenoffer dood aan die kruis.

So bekragtig Hy in ons die heil wat Hy aan ons meedeel. Dit is immers sigbare tekens en seëls van 'n inwendige en onsigbare saak, en deur middel daarvan werk God in ons deur die krag van die Heilige Gees.

Elke keer wat daar iemand gedoop word en elke keer wanneer ons die brood eet en die wyn drink, word die verbondsbeloftes van God opnuut geratifiseer. Die beteken nie dat ons Jesus elke keer kruisig (soos die Roomse teologie beweer) nie. Net soos die reënboog telkens herinner aan God se belofte om nie weer met 'n vloed alles te verdelg nie, net so herinner Doop en Nagmaal ons daaraan dat God ons in genade vergewe het.

Die sakramente betuig op taktiele vlak twee belangrike dimensies van God se

genade aan ons. Doop herinner ons daaraan dat ons in Jesus se dood en opstanding ingelyf is. (Romeine 6:4 "*Deur die doop is ons immers saam met Hom in sy dood begrawe, sodat, soos Christus deur die wonderbaarlike magsdaad van die Vader uit die dood opgewek is, ons ook so 'n nuwe lewe kan lei. Deur die doop is ons immers saam met Hom in sy dood begrawe, sodat, soos Christus deur die wonderbaarlike magsdaad van die Vader uit die dood opgewek is, ons ook so 'n nuwe lewe kan lei.*") Daarom word ons eenmalig gedoop, omdat Jesus eenmalig gesterf het en opgestaan het. Tog is ons telkens teenwoordig en betrokke wanneer die Doop in die kerk bedien word. Die Doop het in die plek van die besnydenis geskied en is verdere rede vir die eenmaligheid van die individuele bediening (Kolossense 2:11 "*Deur julle verbondenheid met Hom is julle ook besny, nie met die besnydenis wat deur mense verrig word nie, maar met die besnydenis deur Christus, en dit bestaan in die wegneem van die sondige natuur van die mens.*")

Nagmaal daarenteen herinner ons meer aan die lyding en sterwe van ons Here Jesus. Waar die Doop ons in hierdie heil inlyf, is die Nagmaal daar om ons te begelei in ons daaglikse hernuwing sodat ons al hoe meer ons ou self sal afsterf. So word die Nagmaal (in opdrag van Jesus Christus) by herhaling bedien om ons te versterk in die afsterwe van die oue en die strewe na die nuwe lewe. Jesus self gee die opdrag dat ons Sy lyding moet gedenk (Lukas 22:19 "*Toe neem Hy brood, spreek die dankgebed uit, breek dit en gee dit vir hulle met die woorde: "Dit is my liggaam wat vir julle gegee word. Gebruik dit tot my gedagtenis."*")

Dit is die Vader wat aan ons toebedeel dit wat die Seun bewerkstellig het. Dit word gedoen deur die krag van die Heilige Gees. Dieselfde Heilige Gees wat in ons woon en ons vashou in die geloof, is die Gees wat ons geloof versterk deur die sigbare tekens.

Die Roomse teologie wat skimp op 'n daaglikse offer van Jesus aan die altaar van God moet totaal verwerp word. Ten opsigte van die Nagmaal het die Roomse kerk geleer dat die priester steeds Jesus offer as nie-bloedige offer. Daar is geleer dat dit gedoen word omdat ons sondes nie vergewe word; indien hierdie offer nie daaglik gedoen word nie. Daarmee saam is enige denke wat Jesus se soenverdienste minder maak as wat dit is. Jesus se werk is totaal afgehandel. Daar is geen leemte in die verlossingswerk nie, alles is klaar gedoen. Nou werk die Here deur die Heilige Gees om Jesus se soenverdienste aan ons te verseker. Dit sal so wees totdat Hy weer kom.

Die tekens is dus nie sonder sin en sonder inhoud om ons te bedrieg of te mislei nie; hulle waarheid is juis geleë in Jesus Christus, sonder wie hulle geheel en al betekenisloos sou wees.

I Korintiërs 10:1-4 "Broers, ek wil julle daaraan herinner dat ons voorvaders almal onder die beskerming van die wolk was en almal veilig deur die see gegaan het. Omdat hulle almal vir Moses gevolg het, is hulle almal in die wolk en in die see gedoop. Almal het dieselfde geestelike voedsel geëet, en almal het dieselfde geestelike drank gedrink: hulle het gedrink uit 'n geestelike rots wat met hulle saamgegaan het. Die rots was Christus." Die tekens wat ons ontvang, verwys na die werklikheid wat hulle onderlê. Agter

die sigbare tekens is die werklikheid van dit wat God doen. Dit is nie die hoeveelheid water of die ouderdom van die dopeling wat van belang is nie, dit wentel om die Doop as teken en seën van ons verlossing uit sonde en dood. Dieselfde geld die Nagmaal. Die brood en wyn verwys eintlik na God wat ons geestelik voed en versterk.

Dit is nóg die predikant of priester nog die denominasie of kerk wat betekenis gee aan die Sakramente. Dit is God wat inhoud en betekenis gee aan hierdie tekens. Hierdie wete moet ons dwing tot respek en omsigtigheid in ons hantering van die Sakramente. Enige lukraak omgaan met Doop en Nagmaal hou nie rekening met die Een wat dit ingestel het nie.

Verder is ons tevrede met die aantal sakramente wat Christus, ons Meester, vir ons ingestel het en wat slegs twee is, naamlik die sakrament van die Doop en die Heilige Nagmaal van Jesus Christus.

Hier word na twee kante afgegrens. Na die een kant word afgegrens teenoor die Roomse kerk met sy sewe sakramente.

Na die ander kant word afgegrens teenoor sommige Charismate wat baie ontstig raak wanneer die S-woord in hulle teenwoordigheid gebruik word.

Ons is oortuig dat die Here slegs twee sakramente ingestel het. Hierdie twee sakramente is nie in alle opsigte dieselfde nie en het nie dieselfde werking nie. Tog is die sakramente die twee sigbare tekens wat ons in die geloof versterk. Hoe dit gebeur, is vir ons 'n duisterheid omdat dit die Heilige Gees is wat dit in ons werk (Nagmaal formulier).

Die aversie wat Charismate het rondom die sakramente, beteken dat hulle nie hierdie sigbare tekens het om hulle in die geloof te versterk nie. Die mens se diep-gewortelde behoefte na die tasbare moet tog aangespreek word. Na ontwerp - of per ongeluk - het die Charismate die sakramente vervang met die sogenaamde "gawes". In stede van die brood en wyn wat die mens verseker van sy saligheid, is daar 'n opspraakwekkende spreke in tale of uitleg of wondergenesing of

Die volgende twee artikels van die Nederlandse Geloofsbelydenis sal nou die sakramente individueel bespreek.